GRAAD 12 **TAALLLEER** **MEI 2020**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die **taalvrae** wat daarop volg:[1]

TEKS I

1. FIELA: Dis my hanskind.
2. LANGE: Wat jy waar gekry het, vra ek jou.
3. FIELA: Waar kry jy hansgoed? Ek het hom gekry waar sy ma hom gelos
4. het, dis waar ek hom gekry het.
5. LANGE: Waar was dit?
6. FIELA: Net daar waar baas nou sit.
7. LANGE: Wanneer?
8. FIELA: Amper 9 jaar gelede. Middel van die nag.
9. DIKKE: Hy lyk ouer as 9
10. FIELA: Hy is.
11. DIKKE: Hoe oud is hy?
12. FIELA: Ek weet nie, ek het hom so op drie geskat die nag.
13. LANGE: Jy sê jy het hom hier voor jou agterdeur gekry. Het hy gestaan
14. of gesit of gelê?
15. FIELA: Gestaan.
16. LANGE: Ek dink jy lieg.
17. FIELA: Vir wat sal ek lieg? Ek het die nag nog wakker geword van ’n
18. kind wat huil en toe ek kom oopmaak, toe staan hy hier. Iemand
19. het hom voor my deur kom los.
20. DIKKE: Het jy iets gehoor?
21. FIELA: Nee. Net die kind.
22. LANGE: Maar dit het jou nie die reg gegee om hom te hou nie. Dis ’n
23. wit kind!
24. FIELA: Moes ek hom buite laat staan het?
25. LANGE: Moenie vir jou probeer slim hou nie, vrou. Jy het ’n wit kind op
26. jou werf en tussen jou ander kinders in die huis en jy weet net
27. so goed soos ek dat dit nie die regte ding is nie.
28. FIELA: Wat van die bruin kinders op die wit mense se werwe en in hulle
29. huise en tussen hulle kinders?
30. LANGE: Dis ’n ander saak. Saans gaan daardie kinders huis toe, dis
31. die werfvolk se kinders. Dis ’n verkeerde ding hierdie.
32. FIELA: Sê wie

[1] RT Mitchell BHS

1. Taalvrae:

1.1 Skryf sin 1 in die INDIREKTE REDE.

Begin so: Fiela sê...

1.2. Die volgende vrae is gebaseer op (reël 8).

FIELA: Amper 9 jaar gelede. Middel van die nag.

1.2.1 Skryf die syfer 9 in WOORDE.

1.2.2 Gee ‘n SINONIEM vir **amper.**

1.2.3 Gebruik die HOMONIEM van **in** sin waar die betekenis verskil.

1.2.4 Gee die MEERVOUD en VERKLEINING van **nag.**

1.3 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Fiela het 9 jaar gelede vir Benjamin op haar stoep gekry.

1.4 “ Ek het hom so drie geskat”

1.4.1 Gee die BETEKENIS van die onderstreepte woord.

1.4.2 Dui die STAM in die woord aan.

1.4.3 Gebruik die stam van die woord in ‘n sin waar die betekenis verskil.

1.5 Gee die ANTONIEM van “iets”(reël 20)

1.6 Die vrae wat volg is op reël 16 gebaseer.

LANGE: Ek dink jy lieg.

1.6.1 Gee ‘n NEUTRALER WOORD vir “lieg”.

1.6.2 Gee die PERSOONSNAAM van lieg.

1.7 Gee die INTENSIEWE VORM van **wakker** (reël 17)

1.8 Gebruik die homofoon van “MAAR” (reël 22) in ‘n verklarende sin.

1.9 Haal ‘n voorbeeld van ‘n UITROEPSIN uit die uittreksel.

1.10. Vorm ‘n TEENWOORDIGE DEELWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Fiela het die (huil) kind in die middel van die nag gekry.

1.11Skryf die sin in die regte WOORDORDE.

Die sensusmanne het (onbepland) (by Fiela se plaas) (eendag) opgedaag en vir Benjamin gesien.

1.12 Skryf die sin in die TEENWOORDIGE TYD.

Moes ek hom buite laat staan het?

1. 13 Verdeel “verkeerde” (reël 31) in LETTERGREPE.

1.14 Verbind die sinne met die voegwoord tussen hakies.

Langes en Dikkes wil vir Benjamin van Fiela wegneem. Benjamin is wit.(omdat)

1.15 Gee die ENKELVOUD van werwe (reël 28)